**GOD IS GEWELDENAARS GENADIG**

WAT IS DIE WAARHEID IN DIE VERHAAL?
As Kain en Abel die enigste ander twee mense naas Adam en Eva op aarde was, waar het Kain dan 'n vrou gekry? 'n Mens kan ook vra vir wie Kain nou eintlik bang moes wees as net hy en Abel Adam en Eva se kinders was en hy Abel reeds doodgemaak het. Hy sê: *"... wie my raakloop, sal my vermoor."* Dit veronderstel dat Kain vir 'n klomp mense bang was.
Hierdie soort probleem het gemaak dat baie mense al gesê het die verhaal kan nie *waar* wees nie. Eintlik bedoel hulle dit *kon nie gebeur* het nie. Maar beteken dit dat die verhaal nie *waar* is nie? **Jesus** het byvoorbeeld talle gelykenisse vertel soos onder andere van die verlore seun of die barmhartige Samaritaan wat ook nie van iets vertel wat *regtig gebeur* het nie. Maar dit beteken nie dat daardie verhale nie *waar* is nie. Elkeen van Jesus se verhale wou iets aan die mense sê, *iets wat waar* is. Dit is heel waarskynlik ook soos wat ons die verhaal van Kain en Abel moet lees. Kom ons vra *wat is die **waarheid** wat daarin vir ons geleer word*. Vir my is die uitstaande waarheid **God se genade teenoor sondaars.**

**SKRIFLESING: Gen 4:1-18**

BEELDDRAERS VAN GOD
Kain was die eersgeborene. Daar is 'n groot ophef van sy geboorte gemaak en ons hoor sommer die trots en vreugde in die woorde van sy ma: *"Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!"* Sy is trots, maar ook erkentlik teenoor God wat nie net die Begin van die Skepping is nie, maar ook van hierdie klein skepseltjie. God bly betrokke by Sy skepping, vandag nog. Hy het nie maar die skepping aan die gang gesit en Hom daarna onttrek soos Deïste glo nie. Jy en ek het eweneens ons oorsprong by Hom en ontvang elke goeie gawe van Hom.
Al wat ons van Abel se geboorte lees, is sy naam – wat "niks" beteken. Stel jou voor Eva stel haar twee seuns voor: *"Dit is Kain, my oudste seun, en dit is Niks!"* Wat moes dit nie vir sy selfbeeld gedoen het nie – om heeldag te moet hoor: *"Ek is Niks, 'n nikswerd…"* Die belangrike is dat hy baie werd was in God se oë en elkeen van ons is ook, maak nie saak wat ander van ons sê nie. Almal is geskape na God se beeld.

VERHOUDINGSPROBLEME DUIK OP
Maar albei word groot en beklee respektabele beroepe: Kain word 'n landbouer en Abel 'n veeboer – die oudste twee beroepe wat daar is. Albei is godsdienstig en bring offers aan die Here. So betoon hulle ook dankbaarheid en gee erkenning daaraan dat God die Begin is, die Eienaar en hulle slegs bestuurders van sy eiendom is. En as ons dalk al vergeet het: dit is ook waarom ons dankoffers gee – uit dankbaarheid en uit erkenning aan God.
Om die een of ander rede neem God egter nie Kain en sy offer aan nie, maar Abel s'n wel – en Kain kom dit op die een of ander manier agter.
Kain was diep in sy eer gekrenk. Hoe kan hierdie niksnuts beter doen as hy, die eersgeborene? *Hy het baie kwaad geword, "BAIE kwaad" en hy was bedruk.* (Agab en Nabot – 1 Kon 21:4) Ek wonder hoeveel van mense se bedruktheid het nie ook met jaloesie te doen nie. Ek voel bedruk omdat ek nie so suksesvol, so aantreklik, so gesond, so gewild soos die ander is nie. Of ek voel bedruk omdat ek in my eer gekrenk is. Ek voel ander het my te na gekom. God is onregverdig. Bedruktheid het

baie maal met sondige gesindhede soos onvergewensgesindheid en wraakgedagtes teenoor ander te doen.

GOD GEE GENADIGE RAAD

Maar let nou op die genade van God. Hy kom na die bedrukte Kain toe. Hy wys dat Hy vir hom omgee. Hy kom nie met verwyte en beskuldigings nie. Hy vra hom uit. Daarmee nooi Hy hom uit tot 'n gesprek. Dis duidelik dat Hy hom nie graag so ongelukkig wil sien nie. Hy herinner hom aan die pad na blydskap en vra: "*Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie?"*
Mense dink mos soms God is 'n pretbederwer. Hy gun dit nie vir 'n mens om jou lewe te geniet nie. Allesbehalwe. Dit hinder Hom as mense kwaad en bedruk is soos Kain. Hy wil hê ons lewens moet vol blydskap wees. Daarom waarsku Hy ons ook soos vir Kain teen dit wat ons lewens versuur: *"As jy nie goed doen nie – die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers."* Petrus waarsku eeue later: *"Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind."* (2 Petrus 5:8) Die sonde is 'n mag wat jou en my soos 'n roofdier wil verslind – ons reputasie… huwelik … karakter … toekoms … geluk. Oppas dat hy jou nie in sy mag kry nie! Die Bose is 'n werklikheid. Jesus se lewe bevestig dit. Ook HY is versoek. Maar jy en ek moet ook soos Hy daaroor heers.

KAIN VERWERP GOD SE GENADE

Ai, Kain, as jy maar geluister het en nie so emosioneel reageer het nie. Maar jy was horende doof - soos baie mense sedertdien, mense wat die Woord van God hoor, maar hulle nie daaraan steur nie. Ek dink ook aan Jesus se klag oor Jerusalem waar Hy gesê het: *"Jerusalem! Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie!"* (Luk 13:34) In plaas daarvan om oor die sonde te heers, dit te bely en sy jaloesie en wraakgedagtes te laat vaar, vermoor hy vir Abel. Abel is mos maar sommer "niks".

Waar was God se genade toe? God kon dit mos gekeer het? Hy kon Kain mos gedwing het om Hom te gehoorsaam?

LEWE IS VIR GOD KOSBAAR

Wat doen Hy? Hy gaan weer vir Kain die moordenaar opsoek. Hy begin weer met 'n vraag: *"Waar is jou broer Abel?"* Hy gee hom kans om sy skuld te erken en sy sonde te bely en om vergiffenis te vra. Elke mens se lewe is vir God kosbaar. Kain is astrant en lieg: *"Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?"* Liefde vir God het in sy boek niks te doen gehad met liefde vir jou naaste nie.
Is dit nie 'n baie tipiese reaksie wanneer iemand uitgevang word nie? Hy vererg hom; hy is aanvallend; hy probeer sy gedrag regverdig en hou homself onskuldig.
Maar dit werk nooit met God nie (Saul). Hy weet presies wat Kain gedoen het. *"Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My."* Dit is nie net bloed wat gevloei het wat tot God roep nie, maar ook trane. **God is teen alle vorme van geweld**. Behalwe fisiese moord, is daar ook so iets soos karaktermoord. Behalwe fisiese geweld, is daar ook verbale geweld. 'n Skerp tong kan diep wonde veroorsaak! Gesinsgeweld kan ook beteken dat gesinslede mekaar met woorde te lyf gaan en mekaar stelselmatig afbreek. In Matt 25:21-22 word **woede** aan moord gelyk gestel. Wie van ons het dus

NIE al in Kain se sandale gestaan nie?! Tel ons nie ook maar soms onder die geweldenaars nie?

GOD STRAF GENADIGLIK
Esegiël 18:21-23 *"Maar die goddelose wat hom van al sy sonde bekeer, al my voorskrifte nakom, reg laat geskied en reg doen, sal bly lewe, hy sal nie sterwe nie. Nie een van sy oortredings wat hy begaan het, sal teen hom gehou word nie. Hy sal bly lewe op grond van die reg wat hy doen. Dit is beslis nie my wil dat die goddelose moet sterf nie, sê die Here my God, dit is my wil dat hy hom bekeer van sy verkeerde dade en dat hy bly lewe."*
God haat die sonde, maar het die sondaar lief. <u>God haat geweld, maar het die geweldenaar lief</u>. Daarom straf God vir Kain, maar Hy doen selfs dit genadiglik. Hy gee hom nie die doodstraf nie. Hy gee hom kans om hom te bekeer.
Nogtans voel Kain die straf is te swaar. Hy toon geen berou nie. Hy kry homself net verskriklik jammer. *"My straf is te swaar om te dra."* Hy vrees vir sy lewe: *"... wie my raakloop, sal my vermoor."*
*"Toe gee die Here vir Kain 'n teken sodat niemand wat hom raakloop, hom sou doodmaak nie."* Hier word nie gesê wat die teken was nie. Maar dit was duidelik 'n teken van God se genade. Dit was 'n manier van God om Kain se lewe te beskerm al het hy dit nie verdien nie. Dit was 'n **genadeteken.**
En dan gaan God se genade nog verder. Ons lees dat God hom later geseën het met 'n **nageslag** ook.

GENADE BY DIE KRUIS
Geliefdes, wanneer God vir ons vra: *"Waar is jou broer?"* moet ons ons nie vererg of onsself probeer regverdig en maak asof ons onskuldig is nie. Ons het ook al ons naaste op baie maniere te na gekom. In 'n sekere sin is ons almal *"geweldenaars"*.
Antwoord liewer: "<u>My broer is aan die kruis</u>. En Hy hang daar *deur* my, maar ook *ter wille van* my. *Sy trane in Getsemane en sy bloed van Golgota roep ook na die hemel uit, nie om my aan te kla nie, maar om my vry te pleit."*
So word die kruis vir ons 'n Kainsteken, simbool van God se genadige beskerming wat aan die sondaar nog 'n kans gee om nuut te begin.
Selfs al moet ek dan soos 'n Abel aan die hand van 'n geweldenaar sterf, sal God se genade steeds genoeg wees, want Jesus gee sy volgelinge die versekering: Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. God se genade is so groot dat Jesus selfs vir die moordenaar wat saam met Hom gekruisig is, maar berou en geloof in Hom getoon het, kon verseker: *"Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."*

- <u>Moenie soos Kain God se genade verontagsaam nie</u>.
- <u>Wees God, en nie Kain nie, se beelddraers – genadige kinders van 'n genadige God!</u>

Amen
9/1/11

**Gary Chapman - Woede is 'n keuse [resensie]**

- Gepubliseer deur Ekerk op 30 Desember 2010 om 7:00
- Sien Ekerk se blog

*deur Marius Nel*

GARY CHAPMAN

WOEDE IS ’N KEUSE

Hoe om ’n kragtige emosie op ’n gesonde manier te hanteer

CUM

2010

Hoe reageer jy op frustrasie en teleurstelling? Sê nou maar jy word onregverdig beskuldig dat jy iets gedoen het wat skade aan jou werkgewer berokken het, en jy hoor maar eers agterna dat die blaam op jou geplaas is? Of iemand ry voor jou in en mis jou rakelings? Of ’n onderwyser pleeg ’n groot onreg teen jou kind? Of jy word in ’n spoedlokval vasgetrek waar die verkeersbeampte vyftien minute neem om ’n kaartjie uit te skryf terwyl jy laat vir ’n belangrike afspraak is. Wie word nie kwaad in sulke omstandighede nie?

Jy ken Gary Chapman deur sy bekendste boek, The Five Love Languages, wat op die New York Times se topverkoperlys was. Gary is ’n ervare berader wat hom ten doel stel om mense te wys waar hulle die spoor byster raak en hoe hulle kan reageer sodat hulle op die regte pad kan groei.

Hy doen dit ook in dié belangrike boek, wanneer hy jou vertel hoekom en hoe mense kwaad word, en wat jy kan doen aan dié emosie wat maklik skadelik kan word.
Jy leer wat die verskil tussen goeie en slegte woede is, en hoe jy woede kan gebruik om positiewe verandering teweeg te bring.

Dikwels dra ons woede met ons saam wat nie tot uiting gekom het nie en tot gegriefdheid en bitterheid lei, en dit is krities noodsaaklik dat jy daarmee werk omdat dit met jou werk, in negatiewe terme.
Gary leer jou ook hoe om jou kinders, waarvan elkeen ’n unieke temperament het, te leer hoe om die energie van woede positief aan te wend.

’n Groot aantal mense loop met woede teen God rond, ’n woede wat baie selde geverbaliseer word. Ook hiermee moet jy handel, omdat dit ’n gesonde verhouding met die Here verhinder.

En dan is ons ook dikwels kwaad vir onsself. En ook hier is dit moeilik om ons emosie onder woorde te bring. Deur bloot te luister hoe jy met jouself praat en in watter terme jy na jouself verwys, kan jy agterkom hoeveel woede jy saamdra wat teen jouself gerig is.

Gary skryf ook oor die groot woord wat vir talle mense ’n onmoontlikheid is: om te kan vergewe.
Ek beveel dié boek aan vir alle mense wat belang stel om aan hulleself te werk. Die boek is nie tegnies geskryf nie, en talle voorbeelde verduidelik wat die skrywer vir jou wil leer.

Soos Gary ons oë vir liefde geopen het, kan dié boek jou oë open vir die positiewe potensiaal wat in woede opgesluit is.

Tags: resensie